# 77 Dierbare Skeppergod(2)




Heer, wat die harte toets, U weet
van elke fout deur ons begaan.
Tog keer ons weer na U terug;
neem ons tog weer genadig aan.

Ons skuld is groot, dis waar, o Heer,
maar spaar ons noudat ons bely.
Ja, laat u Naam verheerlik word
deur ons van swakheid te bevry.

Ja, laat ons deur onthouding, Heer,
ons liggaam onderdanig maak;
toot ook ons hart onthoudend word
en sondige genot versaak.

Wil, salige Drievuldigheid,
eenvoudig Eenheid, dit verleen:
dat hierdie heil’ge Vastetyd
vir ons tot heil strek en tot seën.

Woord en sakrament nr.6